# Eenheid 10 Persoonlike ervaring van werk in 'n groep

## By die skool en huis

Mense behoort aan verskillende groepe. Voorbeelde van groepe is 'n gesin (by die huis), 'n klas en 'n sportspan by die skool. Om deel van 'n groep te wees gee jou 'n gevoel van identiteit en samehorigheid.

Om 'n **effektiewe** lid van 'n groep te wees moet jy met die ander lede van jou groep kommunikeer en met hulle **saamwerk**. Dis belangrik om meer te luister as om te praat. Dit gee elkeen 'n kans om hulle idees en menings te lug.

**Sleutelwoorde**

**effektiewe:** sterk

**saamwerk:** werk effektief met mekaar

**Uitbreiding**

Lees die storie *Song of Be* deur Lesley Beake.




*Ons behoort almal aan verskillende groepe.*

## Aktiwiteit 10.1 Werk in 'n klein groep by die skool

30 minute

### Gevallestudie

Nadine se onderwyseres, mev. Nene, het Maandag die klas in groepe van vier verdeel. Sy het die leerders aangesê om buitentoe te gaan met 'n stukkie papier en 'n vetkryt, 'n blaar aan 'n boom te soek en die blaar op die papier af te trek. Nadine was ongelukkig omdat haar beste maats Sheila en Samuel nie in haar groep was nie. Sy het belangstelling in die aktiwiteite van die groep verloor en het nie na haar onderwyseres se instruksies geluister nie. Sy het 'n boek en 'n pen buitentoe geneem en stadig agter haar groep gestap. Nadine het nie geweet wat om te doen nie en sy kon nie die groep help nie. Die leerders in Nadine se groep was geïrriteerd met haar en het haar begin spot.

1. Hoekom het mev. Nene die klas in groepe verdeel?
2. Wat was mev. Nene se instruksies aan die groepe?
3. Hoekom het Nadine belangstelling in die groepaktiwiteit verloor?
4. Nadine se groep het haar gespot.
   a) Hoekom het hulle dit gedoen?
   b) Dink jy hulle was reg om haar te spot?
   c) Wat sou hulle anders kon gedoen het?